**Maandag 12 Junie**
**Skrifgedeelte: Genesis 37:12-36 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Genesis 37:31, 32**
**Stories aandra (2)**

Dit is net God wat versoening kan bewerkstellig. Handelaars koop vir Josef en verkoop hom weer vir verdere wins. Vir hulle is dit ’n blote sake transaksie. Vir Josef het dit beteken dat sy lewe gespaar word.

Ten spyte van talle omstandighede waar ons beleef dat dit voel of ek in ’n diep, donker put gegooi word, of dat ek die slagoffer van die onregverdige optrede van my gesin mag wees, bewerk God versoening en uitkoms. Alles is tot beskikking van God en Hy regeer so dat alles tot my beswil geskied. Selfs wanneer ek dit die minste verwag en dit lyk asof daar geen uitkoms meer is nie.

Terug in Sigem bly Jakob treur oor Josef. As ouer worstel hy met die gedagte dat sy seun deur ’n roofdier opgevreet is. Onmin, jaloesie en voortrekkery bring oneindige smart. Soveel so dat Jakob nie getroos kan word nie. God bewerk ’n skuldgevoel by Josef se broers, sodat Ruben en Juda se optrede daartoe lei dat hy verkoop word. Hier is geen sprake van liefde vir mekaar nie.

Sodanige optrede lei ook daartoe dat die waardes en norme in die samelewing verdwyn. Die beginsels waarop die Here se gemeenskap tussen gelowiges bewerk, begin reeds in die gesin. Daarom bring God vir Josef uitkoms. Terwyl ek my eie pyn verwerk en mag beleef dat ek in ’n diep put gegooi is, kom God en bevry my uit my nood. Christus red my van die dood.

Josef word deur die Midianiete in Egipte aan Potifar verkoop, waarna hy kort voor lank ’n prominente posisie beklee het. Ons bly verwonderd staan oor God se groot genade en loof Hom altyd vir versoening en redding.

Eindelik is dit net Christus wat ons weer volkome met God kom versoen wanneer ons deur onmin en sonde vervreem word.

*Sing: Psalm 65-1:2*

*Ds. PJ van Blerk (Petrus) (Rietvallei)*